

SONDAG: 27

VRAAG EN ANTWOORD: 73

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
73 Vraag: Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes?			
Antwoord: God sê dit nie sonder gewigtige rede nie. Hy wil ons naamlik daarmee leer dat die bloed en Gees van Christus ons sondes so wegneem soos die water die vuilheid van die liggaam wegneem.	1	1 Korintiërs 6:11	En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God.
		Openbaring 1:5	en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed
		Openbaring 7:14	En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.
Verder wil Hy ons veral deur hierdie Goddelike waarborg en teken verseker dat ons net so werklik geestelik van ons sondes gewas is as wat ons liggaam uitwendig met water gewas word.	2	Markus 16:16	Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.
		Galasiërs 3:27	want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed.
			En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God.
			van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde. Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos
			"Ek weet nie, Meneer," sê ek vir hom, "maar ú weet." Hy sê toe vir my: "Dit is dié wat uit die groot verdrukking kom. Hulle het hul klere gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam.
			Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word.
			want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword.